

## BOEKBESPREKINGS

*Bradlow, F. R. (red.): Thomas Bowler: Pictorial Album of Cape Town, with Views of Simonstown, Port Elizabeth and Grahamstown. Facsimile herdruk van 750 eks., C. Struik, Kaapstad, 1966. R60 (luukse ed.), R30.*

*Bradlow, F. R. (red.): Bowler's Four Views of Cape Town. Facsimile herdruk. A. A. Balkema, Kaapstad, 1966. R9.50.*

Die uitbeelding van die landskap en topografie in die algemeen, het in die 19de eeu baie belangstelling van die skilders geniet. Ook aan die Kaap was daar 'n menigte van skilders en tekenaars wat hulle toegelê het op die weergawe van die landskap en stadsgesigte. Dit het egter grotendeels beperk gebly tot 'n noukeurige en natuurgetroue beskrywing van wat hulle gesien het. Die pragtige land is uitgebeeld vir mense wat dit self nooit sou sien nie, of wat daar was en graag 'n herinnering wou behou. Van kuns was hierby meestal geen sprake nie.

Een van die werklike kunstenaars in hierdie tyd was egter Thomas William Bowler. Hy is in 1813 naby Aylesbury, ten noorde van Londen, gebore. As jong man kom hy saam met die astronoom Thomas Maclean in 1833 na die Kaap. Bowler is eers in diens by die sterrewag, daarna doen hy meteorologiese werk op Robbeneiland. In 1839 vind ons hom as skilder- en tekenonderwyser in Kaapstad. Tot 1854 was hy grotendeels 'n outodidak. In daardie jaar werk hy in Engeland onder J. D. Harding, 'n bekende landskapskilder en litograaf. Bowler was 'n tipiese volgeling van die pikurale Engelse Skool van waterverfskilders.

Veral Bowler se litografieë, die sgn. Bowler-afdrukke, is baie bekend. In die totaal het hy drie-en-sestig gepubliseer: nege het afsonderlike verskyn, vier in 'n lêer, die orige in vier albums: tien in *South African Sketches* (1854), agt in *The African Sketchbook* (1855), twintig in *The Kafir Wars and British Settlers in South Africa* (1865), en ten slotte twaalf in die *Pictorial Album of Cape Town, with Views of Simonstown, Port Elizabeth and Grahamstown* (1866). Die lêer met vier afdrukke, wat bekend staan as *Four Views of Cape Town* en die *Pictorial Album* het verlede jaar in uitstekende facsimile herdrukke verskyn.

Die *Four Views* is vandag baie skaars. Hulle is in 1844 verkoop vir 24 sjelings per stel deur J. H. Collard, 'n boek- en papierhandelaar wat in 1833 as onderwyser na Kaapstad gekom het. Die litografiese werk is gedoen deur Thomas Picken, wat in diens was by Day en Haghe, bekende drukkers in Londen. Hierdie firma was beroemd vir die mooi geïllustreerde boeke wat hy uitgegee het. In hierdie dae van voor die fotografie het die litografie 'n baie belangrike rol gespeel en vir boekillustrasie was dit een van die mees suksesvolle tegnieke. Die vier litografieë van Bowler omvat: *Naby die battery „Amsterdam”, Tafelbaai in 1844, Gesig op Kaapstad vanuit Tamboerskloof* en *Die strand naby die Militêre Hospitaal*. Hulle is in twee kleure uitgevoer, swart en liggeel, terwyl hier en daar, wit die lewendigheid verhoog.

Die *Pictorial Album* is in 1866 deur Jutta in Kaapstad uitgegee. Die prente is deur W. L. Walton, 'n vooraanstaande Londense litograaf, uitgevoer. Daar is twaalf litografieë: *Gesig op Kaapstad vanuit Tafelbaai* (vouplaat), *Die Goewernewoning, St. George-katedraal vanuit Waalstraat*, *die Openbare Biblioteek en Museum vanuit die Botaniese Tuin, Adderleystraat en die Herv. Kerk, Ingang tot die Kasteel, Rooms-katolieke Katedraal, Lutherse Kerk in Strandstraat, Presbiteriaanse Kerk op St. Andrewplein, Simonstad, Port Elizabeth en Grahamstad*.

Behalwe hierdie litografieë bevat die album 'n uitgebreide inleiding en 'n toeligting by elke afbeelding afsonderlik. Hierdie teks is opgestel deur W. R. Thomson, wat van die uitgewers opdrag gekry het om dit sodanig op te stel, dat die boek geskik

sal wees om, volgens Victoriaanse gewoonte, as plaatwerk op 'n tafeltjie in die woon-vertrek gelê te kan word. In later jare is die litografieë uit die albums verwyder en afsonderlik verkoop, terwyl die teks vernietig is. Gevolglik is dit vandag moeilik om die teks van Thomson in hande te kry. Thomson is in 1832 in Balfour (Kaapkolonie) gebore as seun van ds. W. R. Thomson, 'n Skotse predikant in die Katrivier-distrik. Die seun is ook opgelei vir predikant en het sy studie in Holland voltooi. Toe hy in 1861 na Kaapstad terugkeer, word by egter 'n joernalis. Naderhand word hy lid van die Kaapse volksraad. Hy was 'n man wat 'n gesonde en realistiese lewensuitkyk gehad het en hy was baie uitgesproke in sy mening. Hy was egter nie 'n opgeleide historikus nie en bowendien was daar in sy tyd maar min belangstelling vir die Kaapse geskiedenis. Gevolglik is die „Inleiding” vol onnoukeurighede en onjuiste gevolgtrekkings. Thomson was ook eensydig en deels het hy nog te naby aan die gebeurtenisse gestaan. F. Bradlow het in sy eie introduksie hierdie Inleiding uitstekend geëditeer en die feite reggestel en tot hulle juiste perspektief teruggebring. Vir die historikus vandag is dit egter besonder interessant om 'n oordeel uit die midde van die 19de eeu oor die eerste twee eeue van ons geskiedenis te lees. Vyf van die litografieë gee kerke weer en hier was Thomson, self predikant, goed op hoogte. Maar ook uit die toeligtig by die ander prente verneem ons interessante feite oor die Kaapse bevolking, die plant van bome, prag- en praalwetgewing, die Kaapse universiteit en hospitale, die Openbare Biblioteek en die Museum, toestande met betrekking tot publieke geboue, lewensomstandighede van kerklike amptenare, kerklike sinodes, aankoms van 'n posboot, die klim van Tafelberg en allerlei ander gesigspunte van die daaglikse lewe.

Hierdie herdrukke van 'n aantal van Bowler se litografieë is uiters belangrik. Die prente self is tipiese voorbeelde van die werk van een van die beste kunstenaars wat die Kaap in die vorige eeu gehad het. Bowendien het hulle tot stand gekom in 'n periode toe die litografiese kuns op sy hoogtepunt was. Sowel die weergawe van die prente as die inhoud van die teks in die *Pictorial Album* is kultuur-histories van die grootste belang. Die *Four Views* is so skaars dat die Suid-Afrikaanse Biblioteek selfs nie 'n volledige stel besit nie! As gevolg van hierdie herdrukke het hulle nou weer binne die bereik van die publiek gekom. Wanneer hierdie herdrukke met die oorspronklike litografieë vergelyk word, blyk ook dat daar aan hierdie twee publikasies die grootste sorg bestee is, en dat hulle in alle opsigte voldoen aan die vereistes wat mens aan sulke uitgawes mag stel. Laat ons hoop dat die uitgewers ernstig sal oorweeg om ook van 'n aantal ander litografieë van Bowler herdrukke te laat maak. Sekerlik sou die pragtige gesigte op Kaapstad en taferele op die Skiereiland hiervoor in aanmerking kom. Op hulle beurt sal hierdie herdrukke in die toekoms weer gesogte *Africana* word.

F. G. E. Nilant

*Brookes, Edgar H. en Webb, Colin de B., A History of Natal.* R3.00, pp. 371, kaart, illus. University of Natal Press, 1965.

Belangstellendes in die geskiedenis van Natal het uitgesien na die verskyning van hierdie werk, want die hersiene uitgawe van R. Russell se *Natal: the Land and its Story* (1904), wat tot nou die standaardwerk oor Natal was, is lankal verouderd. Brookes en Webb, met eersgenoemde die skrywer van die grootste gedeelte, behandel die geskiedenis van Natal tot 1910 in vyf-en-twintig kort, maar kernagtige hoofstukke en wy nog drie aanvullende hoofstukke oor die rol wat Natal tot 1961 in die Unie van Suid-Afrika gespeel het. In 'n werk van hierdie aard en omvang kan daar inderdaad nie diep op alle aspekte ingegaan word nie. Bowendien het die skrywers in groot mate gebruik gemaak van bestaande werke, sodat sekere aspekte waaroor

daar nog nie geskryf is nie, afgeskeep is. Tog word 'n redelik-gebalanseerde weergawe gegee van die ekonomiese, sosiale en politieke gebeurtenisse, waaraan Blank sowel as Nieblank meegedoën het.

Dit is veel gevra om vir 'n werk van hierdie aard dokumentêre navorsing oor alle aspekte te verwag, dog 'n mens sou graag beter benutting van dokumentêre materiaal wou sien. Waar bestaande literatuur te kort geskiet het, het die skrywers merendeels gepubliseerde dokumente aangewend, maar selfs hier is daar leemtes. Vir die hoofstuk oor die Republiek Natalia is die gepubliseerde Volksraadsnotule byvoorbeeld nie gebruik nie. Wanneer op bestaande werke vertrou word, loop die skrywer ook gevaar om standpunte uit sodanige werke oor te neem. 'n Mens wonder byvoorbeeld of Cetchwayo werklik so 'n onskuldige persoonlikheid was as wat hy in hierdie werk voorgestel word. Is daar nie te veel geleun op C. T. Binns se *The Last Zulu King*, wat 'n eensydige voorstelling bied nie? Nogtans het die skrywers die beskikbare literatuur en gedrukte bronne doelmatig aangewend.

Verdere verdienstelikhede van hierdie werk is die ruimskootse aanwending van voetnote en die uitgebreide literatuur- en bronnelys, wat besonder handig sal wees vir 'n studie van die Natalse geskiedenis. Die kaarte is nuttig, maar dié op p. 302 behoort te verwys na die „Boundary Dispute” tussen die Zoeloes en die Nuwe Republiek. Wanneer slegs van „Boundary Dispute” gepraat word, word gewoonlik (veral in die Natalse dokumente) gedink aan die geskil tussen die Zoeloes en die Transvaal. Die werk bevat ook 'n aantal paslike foto's, maar 'n mens wonder waarom biskop Colenso se foto nie verskyn in die hoofstuk wat oor hom handel nie. Die foto van sir John Robinson sal ook beter pas by die hoofstuk oor Verantwoordelike Bestuur.

Die skrywers meld in die voorwoord dat hulle die gaping probeer oorbrug tussen die ou benadering waar die doen en late van die Blankes beskryf is en „the Africans, Asians and Coloured people merely as 'prob cms', or at best as adjuncts to white society” behandel is, en die nuwe benadering „to rewrite African history, placing the African people in the centre and considering other groups, such as Asians and Europeans, primarily from the point of view of the African response to their presence and policies”. 'n Middeweg word dus ingeslaan in 'n poging „to write an impartial history of the three groups of immigrants who built Natal — Africans, Europeans and Asians . . .” Of 'n middeweg-benadering die oplossing is vir die, soos die skrywers dit stel, “real need [in South Africa at least] for something that will bridge the gap between the old approach and the new”, kan moeilik bepaal word. 'n Middeweg, wat natuurlik die ideaal is, raak in baie gevalle nog kant nog wal. In hierdie werk word byvoorbeeld soms slegs feite gegee sonder verklaring of kommentaar. Dit is 'n manier om twispunte te vermy. As die historikus egter alle aspekte deeglik nagevors en ondersoek het, vir die waarheid van sy feite kan instaan, en hom kan vrywaar van sy eie lewensfilosofie, bestaan daar geen rede waarom hy nie met gefundeerde afleidings en kommentaar vorendag kan kom nie. Wetenskaplike geskiedbeoefening sonder vooropgestelde benaderings skyn die ware uitweg te wees.

Met 'n middeweg-benadering loop 'n skrywer ook gevaar om, uit vrees dat hy iemand sal seermaak, ongebalanseerd te oordeel. Die skrywers van hierdie werk bied in die voorwoord die verskoning dat hulle middewegbenadering soms konserwatief was, maar by die lees van die werk wonder 'n mens of alle leersers die woord „konserwatief” gaan aanvaar. Sommige leersers sal redeneer dat die doen en late van die Blankes positief en negatief beoordeel word, maar dat dieselfde patroon nie altyd op die Nieblankes toegepas word nie en hulle soms in die tradisie van 'n biskop Colenso voorgelou word as onskuldiges wat deur die Blanke tot wanordelikhede gedwing word. Op die voorstelling van Cetchwayo is reeds gewys. Dat die Britse (en dus Blanke)

beleid in Zoeloeland veel tot Cetshwayo se ondergang bygedra het, kan vir geen oomblik betwyfel word nie, maar alle sake het meer as een kant! Alle kante moet benader word en eensydige veralgemenings is gevaarlik. Op nog 'n voorbeeld in 'n heel ander verband kan gewys word. 'n Oningeligte (veral oorsee) wat op p. 262 lees dat Nieblankes op uitsonderings na verbied is om aan die Natalse Universiteite te studeer, kan onder die indruk kom dat Nieblankes die reg van studie ontsê word. Deur ook die ander kant van die saak te meld, naamlik dat aparte Universiteite vir die Zoeloes en Indiërs gestig is, kan so 'n wanindruk voorkom word (na die stigting van die Universiteitskollege van Zoeloe'and word wel op p. 264 in 'n ander verband verwys). Versigtige formulering (veral *in* Suid-Afrika en *vir* die buiteland) is altyd 'n bate.

In die geheel beskou het die twee skrywers, wat ook die samewerking van hulle kollegas in die Geskiedenisdepartement van die Natalse Universiteit geniet het, 'n nuttige hydrae gelewer en ten opsigte van die Natalse geskiedenis 'n voorbeeld gestel wat met vrug deur ander historici vir geskiedenis van die Transvaal, Vrystaat en Kaapkolonie nagevolg kan word.

M. C. van Zyl.

*Taber, E. C., Pioneers of Rhodesia. R4.95, pp. VIII/185. C. Struik (Pty.) Ltd., Cape Town, 1966.*

Die skrywer van hierdie werk is reeds 'n bekende op die gebied van historiese navorsing in verband met Rhodesië. Hy het o.a. etlike reisbeskrywings en herinneringe uitgegee van persone wat in die gebied gereis en gewoon het. Sodoende het hy op die name van talryke persone afgekom wat 'n rol in Rhodesië gespeel het, en dit was 'n gelukkige gedagte van hom om 'n biografiese woordeboek van die figure saam te stel.

*Pioneers of Rhodesia* is dan in werklikheid 'n biografiese woordeboek. In alfabetiese volgorde bevat dit kort biografiese sketse van sowat 400 persone wat in die periode 1836-1880 op die toneel (van die huidige Rhodesië) verskyn het as reisigers, sendelinge, jagers, prospekteerders en so meer. Behalwe oor persone word ook besonderhede verstrekkend oor verskeie „parties”, „enterprises” en „missionary activities” soos bv. die *London and Limpopo Mining Company*, die *Makololo Mission* en die *Austrian Parties*.

Omdat dit moeilik is om die betroubaarheid van so 'n boek te beoordeel — die skrywer se verwysings na sy bronne is vir my gladnie bevredigend nie — is 'n mens geneig om jou toevlug tot die steekproef-metode te neem. Dat dit nie 'n baie billike metode is nie en maklik 'n verkeerde indruk ten opsigte van die boek as 'n geheel skep, gee ek graag toe. Tog het ek dit gedoen ten opsigte van Andries Hendrik Potgieter se reis van Soutpansberg af noordwaarts. Dit is duidelik dat die skrywer geen kennis geneem het van P. J. van der Merwe se detailstudie oor hierdie tog nie (*Nog verder noord*, Kaapstad, 1962) en dat hy maar weer die bevindings van Dicke herhaal, wat deur Van der Merwe as foutief aangetoon is.

Uit die aard van die saak was die skrywer in baie gevalle aangewys op feitlike toevallige gegewens uit baie verspreide bronne. Die besonderhede wat oor sommige figure verstrekkend word, is dan ook baie karig. Tog, mits dit altyd met 'n sekere voorbehoud gebruik word, het die boek besondere waarde as 'n naslaanwerk, „primarily as a working handbook for scholars and students”, soos die skrywer dit in sy voorwoord stel.

Die boek is aantreklik uitgegee met 'n aantal illustrasies uit ou reisbeskrywings en ander publikasies. Dit sal oor die jare beslis in waarde toeneem as 'n stuk *africana*.

F. J. du T. Spies.

*Sampson, H. F.: The Principle of Apartheid. Pp. 119, R1.60. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1966.*

Op die stofomslag van hierdie boeke verskyn die aankondiging: „The book that was handed to Senator Kennedy”. Daar word egter nie gesê of Senator Kennedy deur hierdie boek beïndruk is of dat hy daardeur afgesien het van sy uiters kritiese standpunt t.o.v. die nie-blanke beleid van ons land nie. Te oordele na Kennedy se uitspraak in Amerika, het hy óf nie die boek gelees nie óf is hy nie beïndruk nie. Miskien was hy geamuseer.

Hierdie werkie deur H. F. Sampson, emeritus-professor van die Rhodes Universiteit word verder in die binneblad as „a reasoned challenge to the ‘world opinion’ of western Liberalism” beskryf en is eintlik ’n kritiek op Britse en Amerikaanse kleurbeleid asook ’n standpuntname teen diegene wat beweer dat apartheid nie deur die Bybel geregverdig word nie en dat dit teen die morele opvattinge van die westerling indruis. Dit gaan nie vir professor Sampson om die begrip eiesoortige ontwikkeling nie maar die begrip *apartheid* en hy probeer die meerderheidsopvatting van die blankes in Suid-Afrika, nl. dat skeiding tussen die rasse noodwendig en goed is, regverdig. Sy bewysvoerings word uit die genetica en die sielkunde veral na aanleiding van bevindings van die minder bekende Amerikaanse genetici en sielkundiges gehaal. Hy probeer egter nie sy standpunt histories fundeer nie en waar hy somtyds tog aan die geskiedenis raak, is dit net terloops en wanneer dit gebeur, hoef ’n mens nie noodwendig met sy interpretasie saam te stem nie. Dit is byvoorbeeld nie korrek om te wil beweer dat die Franse koloniale beleid op ’n differensiasie van rassegroepe gebaseer was nie. Terselfdertyd word daar in hierdie werkie nêrens melding gemaak van die eeu-oue Portugese beleid van rasse-integrasie nie. In hierdie verband wil ’n mens beweer dat daar nog ruimte bestaan vir historiese ondersoek na rassestandpunte- en verhoudings deur die eeue heen.

Die outeur se benadering in hierdie werkie is naturalisties-evolutionisties en nie idealisties nie. Sy uitgangspunt is as volg: „There is no sign in Nature that diversity, as a feature of evolution, is diminishing, that it is narrowing down to any dramatic pattern of uniformity — except under the hand of man in quest of power” (p. 9). ’n Uitwissing van hierdie natuurlike grense tussen rasse moet noodwendig tot demoralisasie en verval lei en teenoorgesteld sal die handhawing van rassuierheid tot solidariteit en politieke stabiliteit lei. Die Jode is vir hom in teenstelling met professor Klineberg wat die Joodse ras na 1945 as ’n „mite” beskryf het, ’n rasgroep wat hul suiverheid deur al die eeue heen gehandhaaf het. Die Joodse politieke solidariteit word gevolglik as gevolg van hul rassesuiverheid en nie uit hoofde van hul godsdienstige beskouing verklaar nie. Of hierdie standpunt die toets van die Geskiedenis kan deurstaan, is natuurlik ’n geheel ander saak.

In sy geheel het hierdie boek nie veel om die lyf nie en dit is twyfelagtig of dit mense wat nie reeds oortuig is nie van standpunt sal laat verander. Dit sal seer seker nie as ’n standaardwerk oor eiesoortige ontwikkeling beskou kan word nie.

T. S. van Rooyen.

*Suid-Afrikaanse Kuns van die Twintigste Eeu, pp. XVII, 133; 162 repr. (56 in kleur). Kaapstad, Human en Rousseau, in samewerking met Rembrandt van Rijn-Kunststiging, 1966. R16.50.*

Gedurende die laaste jare het ook in Suid-Afrika die besef begin groei dat daar op groot instellings, amptelike sowel as privaat, ’n plig rus om ’n deel van hul kragte in te span vir die behoud en aanmoediging van kulturele belange. By die oprig van groot amptelike geboue word meer en meer ’n deel van die totale koste bestee aan

kunsvoorwerpe vir versiering. Wat privaat handelsmaatskappye betref, is die *Rembrandt-groep* 'n tipiese voorbeeld. Hierdie groep het sy 25-jarige bestaan gevier deur middel van hierdie boek oor die Suid-Afrikaanse kuns in die Twintigste Eeu. Vir twee jaar het 'n aantal deskundiges, soos die direksies en personeel van die kunsmuseums in Kaapstad, Johannesburg en Pretoria e.a. deskundiges hul kragte ingespan om dié werk 'n sukses te maak.

In die voorwoord verduidelik prof. dr. M. Bokhorst, die direkteur van die *Suid-Afrikaanse Nasionale Kunsmuseum* in Kaapstad, hoedat die *Rembrandt van Rijn-Kunststiging* tot stand gekom het as gevolg van 'n persoonlike opvatting van die direkteur, dr. Anton Rupert, wat gestrewe het na 'n „vennootskap tussen kapitaal en kultuur”, sonder dat die kapitaal die kultuur in 'n bepaalde rigting probeer dwing. In die praktyk het dit die vorm aangeneem van belangrike kuns-uitstallings. Hieronder was die landswyse kompetisie van skoliere se werk, met 'n uitstalling *Lewensvreugde* in 1960; uitstallings van werk van ouer Suid-Afrikaanse meesters en jonger kunstenaars. Uiteraard was die aankoop van die N.G. Sendingkerkie op Graaff-Reinet, een van die oudste kerkies in ons land. Dit is nou omgeskep tot 'n museum en meer as tagtig Suid-Afrikaanse kunstenaars het aan 'n oproep gehoor gegee en vrywillig van hul eie werk vir hierdie klein galery afgestaan. Elkeen van ons het wel een of meer van die kort Rembrandt-advertensiefilms gesien, wat 'n kykie verskaf op die werk van een van ons belangrike kunstenaars. Ten slotte is daar die groot kunsversamelings wat as gevolg van die internasionale handelsbetrekkings van die Rembrandt-Groep tot stand kon kom: die versameling *Rondom Rodin*, optiese kuns, moderne Italiaanse kuns, Franse tapisserieë, jong Europese meesters en 'n versameling beeldhoukuns wat in opbou is.

En nou is daar hierdie boek, waarvan die uiterlike vir homself spreek. In 'n inleiding gee prof. H. Martienssen 'n oorsig van die twintigste eeuse kuns in ons land. Die keuse van die 162 reproduksies is egter eensydig. Ons kry hier nie 'n oorsig van die beste voorbeelde van Suid-Afrikaanse kuns in die 20ste eeu nie, maar 'n keuse uit die werke waarmee die Rembrandt-Groep deur die jare te doen gehad het; deur aankoop, films of uitstallings. Meer as die helfte van die gereproduseerde kunswerke is in die besit van die *Rembrandt van Rijn-Kunststiging* of behoort tot die *Hester Rupert Kunsmuseum* in Graaff-Reinet. Laasgenoemde was afhanklik van wat die kunstenaars kon afstaan. Die kunstenaars kon hulle nie altyd veroorloof om die beste van hul werk te skenk nie. Dit sou hulle egter ook geen goed doen om sommer enigiets te gee nie, terwyl hulle weet dat duisende toeriste die museum in die toekoms gaan besoek. Die reproduksies gee dus grotendeels 'n goeie gemiddelde peil van werk weer. Dit is geen beswaar nie. Ons is verras hoe goed die Graaf-Reinet versameling eintlik is. Bowndien mag die meeste vooraanstaande werke van ons kunstenaars as bekend geag word en die merendeel van hulle is wel in 'n boek, 'n katalogus of andersins gereproduseer. Hierdie boek gee nou weer 'n slag iets anders en daardeur maak dit 'n fris indruk. Net die titel kon miskien anders gestel wees sodat die inhoud beter aangedui word.

Op sigself is die afbeeldings die beste wat daar nog in ons land in boekvorm verskyn het. Verlaas die kleurplate moet as uitsonderlike suksesvol beskou word en dit is duidelik dat daar geen sorg te veel geag is om die hoogs moontlike te bereik nie. By elke reproduksie, gelukkig ook die beeldhouwerke, is die afmetings gemeld. Net jammer dat dit net in duime gedoen is; afmetings in sentimeters is meer algemeen gebruiklik en is noukeuriger op kunsgebied.

In ons land is die boek 'n gerieflike naslaanwerk en 'n pragtige plaatwerk. Dit kan by niemand wat in kuns belangstel, ontbreek nie. Maar ook vir verspreiding in die buiteland behoort dit 'n groot sukses te wees. Deurdat dit opmerklik netjies en

smaakvol gebind is, kan dit sy man staan teen die beste kunsboeke wat elders gepubliseer word.

F. G. E. Nilant.

*Birdley Anthony, Marcus Aurelius.* 50/-, p. xiii, 354. Eyre & Spottiswoode, London, 1966.

Die werk is by uitstek 'n biografie en op dié manier kom die geskiedenis van die tydperk enigsins in die gedrang. Waarskynlik onwillekeurig is die hele benadering ook oorheers deur Gibbon se uitlating dat die periode vanaf Domitianus tot aan die end van Marcus se regering so 'n gelukkige periode was. Die belangstelling van die jong Marcus vir bloemryke taal en retoriek en die enigsins vervelende briefwisseling met Fronto, wat miskien as *cronique* aangedui kan word sonder om dit *scandaleuse* te bestempel, vorm een aspek van die werk. Aan die anderkant is die belangrikste aspekte van die werk die besondere rol van die Senaat, die opbloeï en koester van die *artes liberales*, die posisie van die Christene, die politieke en (in 'n mindere mate) die ekonomiese toestand, die filosofiese benadering van die keiser (die filosofie waarin hy hom al hoe meer verdiep en ingeleef het), om nie sy veldtogte te vergeet nie en, trouens ook die rol van verskeie ander persone soos bv. Antoninus Pius. Die kern van die saak kom deeglik na vore, nl.: „Perhaps the greatest service of Antoninus Pius, and of Marcus too, was that they provided an example of high character on the throne . . .” (p. 150). En dit bring 'n mens tot die enigsins siniese slotsom dat dit nie die eerste vereiste is om 'n staat aan die gang te hou nie.

Die boek is baie ryk aan besonderhede en toon 'n uiters deeglike bronnestudie aan. Daar is baie wyd uit die literatuur geput en as naslaanwerk sal die boek sy waarde vir baie jare behou. Die skrywer beheer sy literatuur en bronne op 'n manier wat wys dat hy 'n uitstaande vakman is. Daar word somtyds hipoteses aangevoer en, uit die aard van die saak, sal nie elkeen met hom saamstem nie. Om 'n voorbeeld te noem: die veronderstelling dat die huwelik van Marcus en Faustina deur middel van *confarreatio* voltrek was (p. 116), lyk taamlik twyfelagtig na Gaius se uitlating in sy *Institutiones* 1.136 wat hoogswaarskynlik uit die tyd van Antoninus Pius stam. Ook is die uiteensetting nie altyd duidelik nie. Wat presies die posisie met Matidia se testament was (p. 177) is uit die genoemde gegewens onduidelik. So ook, byvoorbeeld, is dit nodig om na die *Fragmenta Vaticana* terug te gryp om te verstaan wat bedoel was met „the privileges from the birth of a grandson” (p. 211).

Dit is egter kleinighede. In sy geheel is dit 'n waardevolle studie wat met kennis, deeglikheid en toewyding onderneem is en die skrywer as 'n geleerde uit die hoogste rang aandui.

Paul van Warmelo.

*Soref, H. en Greig, Ian, De Marionettenspelers.* Pp. 143. Uitgeverij Bekking, Amsterdam, 1965.

Hierdie werkie wat oorspronklik in 1965 in Engels uitgegee is en in dieselfde jaar deur I. Peters-Zeldenthuis in Nederlands vertaal is, is 'n feitlike en dus objektiewe ondersoek na die duisternis organisasies en liggame wat ten doel het om veral die blanke gesag in die Republiek van Suid-Afrika te ondermyn en te vernietig. Harold Soref is 'n vooraanstaande lid van die Engelse Parlement en Ian Greig is 'n bekende Engelse joernalis.

In sy voorwoord spreek H. C. H. Moorman, lid van die Tweede Kamer van die State-Generaal, die hoop uit dat hierdie werkie wyd in Nederland gelees sal word „opdat in brede lagen van ons volk het besef zal groeien dat de Nederlandse regering

ten opzichte van Zuid-Afrika een heilloze weg volgt, namelijk die van de indirecte stimulering van het geweld." Die Suid-Afrikaanse leser sal egter die winkbroue effens lig wanneer mnr. Moorman die bewering maak dat die sosio-ekonomiese evolusie van ons land moet uitmond in gelyke regte vir almal d.w.s. blank, Bantoe en Kleurling.

Gedurende die afgelope ongeveer veertig jaar het daar talle bewerings binne en buite Suid-Afrika ontstaan wat ten doel gehad het om die bestaande politieke orde in Suid-Afrika omver te werp. Die be'angrikste organisasies en liggame is die Anti-Apartheid Movement, Christian Action, Movement for Colonial Freedom, die African Bureau, Southern African Freedom Group, die African National Congress, die Pan-africanist Congress, en andere. Die merkwaardige is dat die meeste van hierdie organisasies gemeenskaplike lede het. Veral is dit die geval by die besture van die onderskeie organisasies en die skrywers stel dit ten regte dat dit werklikwaar geen toeval is dat dit wel so is nie. Veral bekende kommuniste of persone van wie dit bekend is dat hul'e meelopers is, dien op die besture van hierdie liggame en ofskoon baie van die leiers van hierdie liggame protesteer dat hulle nie met enige kommunistiese party geaffilieer is nie en dat hulle geen kommuniste is of wil wees nie, blyk dit volgens die outeurs dat sulke persone uiteindelik maar net marionette is en dat die toutjies iewers in die Kremlin getrek word. Die Kremlin verlang nie vreedsame politieke evolusie nie, maar revolusie wat sal uitloop op chaos, met as uiteindelijke erfenis, ruïnes van haat. Sommige van die onthullings in hierdie werkie sal vir baie 'n skok wees, maar dit is vrywel altyd 'n heilsame skok. Hierdie werkie wat eintlik oor die hedendaagse politiek gaan en nie 'n werk oor die „geskiedenis" is nie, behoort op die boekrakke van alle Suid-Afrikaners te staan.

T. S. van Rooyen

*De Bosdari, C.: Wines of the Cape; voorw. S. Ed. P. O. Sauer, 40 ill., pp. 96. A. A. Balkema, Kaapstad, 1966. R2.50.*

Wyn deurdring die mens met vreugde en net soos hierdie vreugde behoort dit met vriende gedeel te word. Mens bekyk en proe wyn, maar dit behoort in klein hoeveelhede gedrink te word.

De Bosdari, wat om gesondheidsredes tydelik na Suid-Afrika gekom het, het hom in 'n aantal kultuurverskynsels in ons land verdiep. Sy boek oor die Kaaps-Hollandse boustyl en die standaardwerk oor Anton Anreith is welbekend. Ten slotte hierdie populêre en vlot geskrewe boek oor Kaapse wyn, met kostelike illustrasies deur Karin Strömsöe.

Jan van Riebeeck het in 1659 die eerste handjie vol druive geoes. Vandag voer Suid-Afrika wyn uit na meer as vyftig lande. In die ou dae is wyn veral gebruik om bedorwe drinkwater gedurende die lang seereise meer genietbaar te maak. Dit moes egter gekoop word soos dit was en daar is dikwels oor die toenmalige „Kaapse blits" gekla. Vandag is dit bo alles, die kwaliteit wat tel.

Die warm son maak die Kaapse wyn 'n bietjie soeter en swaarder as oorsese soorte, maar dit varieer baie minder van jaar tot jaar. De Bosdari beskik oor 'n uitgebreide kennis van Europese wyn en hy is die aangewese man om die Kaapse produk daarmee te vergelyk. Ons kom nie sleg daarvan af nie! Hy verduidelik die tot stand kom van ons rooi en half-wit fonkelwyn en hoe veral wit wyn in die verlede baie moeilikheid veroorsaak het en eers onlangs beseft is hoe dit voorkom kan word. Allerlei omstandighede aan die Kaap lei daartoe dat die wyn nie die hoë peil van party uitgesogte Franse of Duitse soorte kan bereik nie, maar die prys sal ook nooit so hoog as daar wees nie. Bowendien is sulke uitgesoekte wyne beperk tot slegs 'n paar streke. Daarenteen kan Kaapse wyn vandag sy man staan teenoor menige

bekende merke in die wêreld.

Kaapse wyn moet nie as noodsaaklik baie jonk beskou word nie. Intendeel, dis ouer as menige Europese soort. Reeds in 1780 hoor ons van uitstekende wyn, nl. Constantia, wat toe alreeds 'n lang tradisie agter die rug het. Simon van der Stel het die grondslag hiervoor gelê en vanaf 1778 is hierop voortgebou deur Hendrik Cloete, wat 'n uitstekende boer was en wat baie gedoen het om die produk te verbeter. Volgens familie-oorlewering was 1791 'n besonder goeie jaar en het Cloete toe aan die enigste beeldhouer in die Kaap, Anton Anreith, opdrag gegee om die gewel van sy wynkelder (nie sy huis nie!) te versier. Waar in die wêreld tref mens nog so iets aan? Vandag is daar helaas 'n hele aantal wynsoorte wat die ou naam dra, maar wat nie van Constantia self afkomstig is nie. Bowendien maak die toenemende uitbreiding van Kaapstad se woonbuurte hierdie wingerde steeds kleiner. Die name van ander ou wynplase, gewoonlik meer in die binneland, kan ons ook gereeld op die bottel-etiket aantref.

Wyn het liefde en arbeid nodig. Die breë publiek besef dit nie altyd voldoende nie. As uitvoerprodukt ondervind dit skerp meedinging. Ons kan hier die geskiedenis van K.W.V. volg wat so baie daartoe bygedra het om die naam en die produk van die Kaapse wingerde te verbeter. Tog word daar plaaslik nog dikwe's 'n spesiale wyn gemaak. Een van die bekendste gevalle is 'n sekere J. F. Hugo van Breede Rivier, bekend as oom Kooos Mosterdpotjie. Hy het 'n besondere wyn gemaak wat baie waardeer is deur die Duitse kanselier Bismarck en deur keiser Frederik.

Ons hoef nie verbaas te wees nie dat die boek sy derde, heeltemal hersiene en aangevulde druk belewe het nie. Dit is in alle opsigte 'n besonder handige gids. Daar is 'n oorsig van wingerde en wynhandelaars, 'n wenk vir watter wyn die beste by verskillende geregte pas en wat die temperatuur daarvan behoort te wees asook hoe wyn die beste bewaar kan word.

Die boek sal verwelkom word deur elkeen wat meer wil weet van ons wyn, die geskiedenis daarvan en die rol wat dit vandag in die wêreldhandel inneem.

F. G. E. Nilant.\*

*Schellart, A. I. J. M. en de Vries, Theo: Kastelen vertellen hun verhalen. Pp. 120, De Branding, Amsterdam, s.j.*

Hierdie werkie is veral nuttig as 'n gids in verband met kastelebesoek in Nederland. In beknopte vorm behandel dit die geskiedenis van die verskillende plekke of bouwerke wat aanvanklik as versterkings gebruik is om later, nadat die bloeiperiode van kastele as verdedigbare wonings of tydelike toevlugsoorde tot die verlede behoort het, ander bestemmings gekry het, bouvallig geword het of aan restourasies onderwerp is.

Wat ons veral getref het, is die stelselmatige wyse van beskrywing wat met betrekking tot die oorspronklike voorkoms en inrigting van hierdie uiteenlopende verdedigingswerke deur die samestellers toegepas is. Die oudste, nog bestaande versterkte toevlugs- of woonoorde in Nederland (o.m. die „Hunnenschans”) was woonplekke wat deur grondwalle en gragte versterk was. Die nog bestaande „burch” (Leiden) is as toevlugsoord in tye van nood gebruik. Dit is 'n ommuurde ruimte op 'n kunsmatige heuwel in teenstelling met die kasteel van Valkenburg wat op 'n natuurlike hoogte gebou is. Dit is, selfs in sy huidige bouvallige vorm, die enigste voorbeeld van 'n bergvestingwerk in Nederland. Die kasteel Doorwerth, aan die Ryn, is 'n treffende voorbeeld van 'n waterkasteel, m.a.w. van 'n verdedigbare plek wat deur water omgewe is. Kort voor die Tweede Wêreldoorlog is die restourasie van hierdie kasteel voltooi en het die geboue as 'n museum van die Nederlandse leër gedien. Verwoes tydens die Tweede Wêreldoorlog word dit tans weer herbou. Die

Hamtoring, naby Utrecht, is 'n tipiese voorbeeld van 'n eertydse versterkte woontoring, terwyl die kasteel van Medemblik oorspronklik bedoel is om die naburige bevolking van Wes-Friesland in bedwang te hou. Die bekende „Ridderzaal” in Den Haag was in die ver verlede in gebruik as 'n vergader- en feessaal van die ridders van die graafskap Holland, terwyl die Menkemaborg in die provinsie Groningen 'n goeie voorbeeld is van 'n verdedigbare landhuis van eertydse grootgrondbesitters wat in die loop van die eeue uit 'n eenvoudige plaaswoning sy huidige vorm verkry het.

Ware lusoorde wat hul ou betekenis as kastele van die begin af nie meer besit het nie, maar lusoorde was en nog is, is o.m. die kasteel Middachten. Loevenstein, 'n oorspronklike Hollandse grensvesting, was 'n tydlank in gebruik as 'n staatsgevangenis en het o.m. as die gedwonge tuiste van Hugo de Groot gedien. 'n Slotvoog of „casteleyen” het in die ver verlede hierdie kasteel of sterkte namens die besitters bestuur. Aan nuwe bestemmings van ou kastele herinner dié van Wychen en Helmond wat tans as munisipale kantore in gebruik is. Kastele soos Sypestein en Roosendaal is tans onderskeidelik kuns- en kasteelmuseums, terwyl in die landelike Nienoord 'n rytuigmuseum ondergebring is. Die Assumburg is 'n jeugherberg, terwyl die kasteel Mheer as 'n hotel gebruik word.

I Ploeger.

*Van Jaarsveld, F. A.*: Geskiedenis as Skoolvak. Pp. 124; Voortrekkerpers, 1966.

Hierdie werkie verteenwoordig 'n aantal kort artikels wat die skrywer in die afgelope tien jaar vir onderwysblaaie en ander tydskrifte geskryf het en dit gaan oor geskiedenis as skoolvak. In die negentien opstelle wat in hierdie bundel saamgebring is, word „Die opleiding van geskiedenisonderwysers”, „Vereistes vir die ideale geskiedenis- onderwyser”, „Vereistes vir 'n moderne skoolgeskiedenisboek”, „Die aanwending van die handboek”, ens. kort, saaklik en op die man af behandel.

Dit is vanselfsprekend dat waar hierdie opstelle oor 'n tydperk van tien jaar verskyn het en dit te doen het met 'n sentrale problematiek, naamlik die onderrig van geskiedenis, hier en daar tog wel oorvleueling in die opstelle sal voorkom. Dit is egter so min en onopvallend dat dit nooit hinderlik word nie. 'n Mens sal terselfdertyd wil redeneer dat 'n paar van die opstelle soos „Visies op die Suid-Afrikaanse geskiedenis” en „Die Afrikaner se geskiedenisbeskouing” eintlik niks met die sentrale tema te doen het nie en weggelaat kon gewees het, maar aan die anderkant lê die nut van hierdie bykomende opstelle daarin dat dit die leser se insig oor wat geskiedenis eintlik is en hoedat oor die vak gedink word, sal verdiep. Die leser sal weldra by die lees van hierdie opstelle agterkom dat die memoriseer van 'n reeks feite nog nie van so 'n persoon 'n historikus maak nie. 'n Mens mag terselfdertyd die hoop uitspreek dat hierdie wete 'n weldadige uitwerking in die klaskamerpraktyk sal hê waar somtyds 'n oorbenadrukking van feitekennis sonder begrip of verband, plaasvind. Sodoende „vermoor” menige onderwyser geskiedenis as vak.

Dit is met besondere waardering dat 'n mens kennis neem van die feit dat die skrywer dit aanhoudend stel dat die voorgraadse opleiding wat ons onderwysers ontvang om nie eers te praat van die onderwysers wat net 'n „diplomakursus” volg nie, eintlik onvoldoende opgelei is in dié sin dat hulle wel met die inhoudlike sy van die geskiedenis vertrouwd raak, maar dat hulle weinig of niks verstaan van die vak as wetenskap wanneer hulle die dag gradeer nie. „Hulle is verstoekte van kennis oor die beginselgrondslae van die vak. Die ideaal behoort te wees om die B.A.-graad oor vier jaar te laat strek sodat in die vierdejaar gedoen kan word wat tans in die Honneurskursus aangebied word” (bl. 12). Dit is dan ook geen wonder dat baie onderwysers aan die skoolhandboek vaslou nie. Die skoolhandboek word die begin

en die einde terwyl die ideaal behoort te wees om verskillende handboeke deur verskillende outeurs as verwysings- en naslaanbronne te gebruik. 'n Onderwyser wat van die kinders verwag om die „geskiedenisles” uit 'n bepaalde handboek soos papegaai te leer en geen afwyking in die interpretasie van die feite in die handboek toelaat nie, ken nie sy vak nie. Dit is dan ook 'n waarheid soos 'n koei dat onderwysers wat nog nie in aanraking gekom het met die teoretiese grondslae van geskiedenis nie, niks byvoorbeeld weet van begrippe soos oorsaaklikheid en noodwendigheid nie, ook niks aan hul leerlinge mee te deel het nie, behalwe feitekennis nie en soos die skrywer dit stel „deur middel van kronieke word die leerling deur die eksamen gehamer” (bl. 29) en bly die handboek en nie die beeld nie maar die middelpunt van sy onderrig (bl. 31). Dikwels neem die onderwyser ook sy toevlug, waarskynlik uit 'n gevoel van radeloosheid, tot „afgerolde aantekeninge”.

Prof. Van Jaarsveld wys dan ook daarop dat die onderwyser, in 'n poging om tog 'n nuttigheidsfaktor in die studie van geskiedenis tuis te bring, dikwels sy toevlug tot die ou afgesaagde „patriotisme” as uitgangspunt neem. Dit lei noodwendig tot 'n verenging van blik in stede daarvan dat dit die kind se blik verruim (bl. 71) en kry ons emosioneel-gelaaide geskiedenis (bl. 85) wat enige kind uiteindelik „moeg” sal maak vir die vak. Geheuewerk en emosie prikkel tog nie die verstand nie. 'n Mens moet dan met die skrywer saamstem as hy dit as volg stel: „Dit is ook hierdie soort geskiedenis wat die verdere gevaar meebring dat die geskiedenis in so 'n waas van romantiese verheerliking voorgedra word dat almal in die verlede tot vleklose helde blinkgevyf en daarby so groot voorgestel word dat daar vir die nog lewende geslag self maar weinig oorb'y om te doen” (bl. 91).

Ofskoon die skrywer dit in sy voorwoord stel dat hierdie opstelle „populêr” geskryf is en dus nie aanspraak op diepgang maak nie, sal dit sekerlik daartoe bydra om die onderwyser of aspirant-onderwyser wat dit gelees het, te help om homself weer van vooraf te oriënteer ten opsigte van die vak, die kind aan wie hy die leerstof moet oordra en miskien ook t.o.v. die kennis wat hy van die vak besit. In sy geheel 'n prikkelende bundel opstelle wat met insig geskryf is deur 'n persoon wat 'n „kenner van geskiedenis” is en wil 'n mens graag aanbeveel dat geen aspirant-onderwyser as opgeleide beskou mag word sonder dat hy ten minste kennis dra van die inhoud van hierdie werke nie.

T. S. van Rooyen.

*Hornsey, A. W.*, Idea and reality in the dramas of Christian Dietrich Grabbe. 12/6, pp. 119. Pergamon Press, Oxford etc., 1966.

Hierdie werk was oorspronklik 'n M.A.-verhandeling (University of Reading, 1959). Die skrywer het heelwat bronne geraadpleeg en is op hoogte met die jongste navorsing i.v.m. Grabbe. Hy gaan besonder krities te werk met die stof tot sy beskikking en s'aag goed daarin om op die wesenlike te konsentreer.

Tereg wys hy in sy resultaat (conclusion) daarop dat „Grabbe's historical heroes are 'great men' who incite the world to a violent outburst of activity, but who really achieve nothing permanent except perhaps posthumous personal glory.”

Grabbe het alles in sy vermoë gedoen om onder die aandag te kom (to attract attention). Ook bied hy in sy werke geen positiewe oplossings nie — „He leaves us with a view of man who is incapable of overcoming the narrow restrictions of reality — a reality in any case not worth the candle.” Die verhandeling getuig van wetenskaplike benadering.

J. A. E. Leue.

Odegard, P. H. (*Redakteur*), *American Government: Readings and Documents*. Pp 617, Harper & Row, New York, 1964.

Soos die titel aandui en die redakteur tereg verklaar, is *American Government* 'n versameling van uittreksels uit belangrike dokumente, gedenkskrifte, hofverslae, presidensiële redes en openbare toesprake wat op die staatsinstellings en politieke ontwikkeling van die Verenigde State van Amerika betrekking het. Om hierdie rede is dit meer aanvullend van aard en moet dit saam met Odegard en Baerwald se *The American Republic* gelees word wat hier elders bespreek word.

Die redakteur het daarin geslaag om die gegewens sistematies in 'n reeks van een-en-dertig hoofstukke te klassifiseer, byvoorbeeld, geopolitiek en die Amerikaanse regering, Amerikaanse politieke partye, konstitusionalisme en demokrasie, die lewende grondwet, verdeling van staatsgesag, die president van die Verenigde State van Amerika, Federalisme in teorie en praktyk, buitelandse beleid en hulp, internasionale organisasies, vrede en ontwapening, ens. Die geselekteerde bydraes sluit uittreksels uit korrespondensie, geskrifte en toesprake van vooraanstaande Amerikaanse politici soos Franklin D. Roosevelt, Henry Adams, Woodrow Wilson, James Madison, Thomas Jefferson en John F. Kennedy in. Ook verskyn daar bydraes van buitestaanders soos John Stuart Mill en Nikolai Lenin in die werk terwyl akademici ook 'n plek gegun is onder andere James Bryce, M. Ostrogorski, David Easton en Clinton Rossiter.

Hoewel daar gepoog word om 'n geheelindruk te skep van die faktore wat daartoe bygedra het om 'n Amerikaanse politieke beeld te vorm, gaan hierdie werk mank aan dieselfde gebreke wat soortgelyke versamelings kenmerk. Dit bly steeds fragmentaries van aard sonder 'n sentrale tema wat dit 'n eenheid maak. Om hierdie rede is dit dan ook nie 'n handleiding vir die leek nie maar eerder vir die ernstige student van die staatkunde wat dit as 'n aanvullende bron van feite-materiaal kan gebruik. Uit die aard van omstandighede kon die redakteur nie volledige aanhalings deurgaans aanbied nie, maar alleen uittreksels van die geselekteerde dokumente. Dit bring mee dat die leser hom gedurig op die aangebode gegewens moet verlaat sonder om die geleentheid te verkry om die volle inhoud self te ondersoek.

C. F. Nieuwoudt.

Seaman, L. C. B., *Post-Victorian Britain — 1902-1951*. Pp. 531, 25/-. Methuen and Co., Ltd., London, 1966.

Many of the Boer war veterans still live on in old-age homes or as pensioners in Britain to-day. They live with their memories and grumble over the latter day politicians who, according to their lights, have been the cause of Britain's twentieth century decline. They who were young in the heady days of Empire and Victorian solidness find it difficult to accept the fact that the Empire had disappeared and aside from the vague concept of "Commonwealth of Nations", Britain's role as world power has ended. On the other hand one gets the impression that the younger generation has accepted the lost values on which the foundations of Empire had been built. Their sole pre-occupation seems to be to absorb the concept of "well-fare" state that has come as a substitute for the effervescent belief in Empire.

Mr. Seaman, in this excellently conceived history of post-Victorian Britain tells the absorbing story of Britain's decline as a world power and the internal socio-economic revolution that had taken place in his country after the Boer war when new territories had been added to Britain's already far reaching empire, but had at the same time ministered a shock to the complacency of empire builders. It, however took two

world wars to bring home the lesson that empire at any price was a hayride in the moonshine. This absorbing story of a new world in which the ordinary man found himself and to which he had to adapt himself both externally and internally, is told with great understanding.

What fascinates the reader is the way the ordinary man "muddle through" it all while the dark spirit of a Churchill who had "not become the King's First Minister in order to preside over the liquidation of the British Empire", brooded over the inevitability of the things that had come to pass.

After reading through this book one is inclined to agree with the pre-publication judgement on the flyleaf namely that: "As well as providing an extremely readable account of events it is likely to shed new light on many aspects with its vivid but well-based judgements on politicians and events". The author often astonishes one at the remarkable ease with which he handles and interprets the mass of factual material that had gone into telling the story. At the same time one tends to feel that the author's over-emphasis of "raw" statistical facts, especially as far as Britain's internal history is concerned, creates a sense of inescapable tediousness. It is surely not necessary in a history like this to know how many houses had been built under a particular state scheme. What one wants to know is whether the number was sufficient. What saves the story in this regard from becoming tedious is the author's sense of humour which at times borders on the sardonic. One need not at the same time agree with the author's view on the post-1945 world and because of the nearness of the happenings to us, one can indulge in re-interpretations of the perspective that the author had given to our world as the meaning of these things unfolds with the passing of time. One might at the same time quarrel with the author over his far too easy explanation of American post-war policy towards Britain as a kind of *grande finale* to the American war of independence. On the other hand one tends to agree with the author's view that post-war international politics is not simply a matter of political ideologies, but of power politics in which the historical background has perhaps a stronger say than ideologies which in the final instance are often used to cloak the dagger.

All in all this is a well-written, well-conceived and planned work by an author whose *From Vienna to Versailles* has placed him in the forefront of modern historians on international politics. This is therefore a highly recommended book for those who need something more than the superficial explanation that is often given to the complex modern world in which we find ourselves.

T. S. van Rooyen

*Van Eeghen, Dr. I. H.*, De gilden. Theorie en praktijk. Pp. 152 en afb. Fibulareeks nr. 5, Bussum, 1965.

*Klompmaker, Dr. H.*, Handel in de Gouden Eeuw. Pp. 128 met afb. Fibulareeks nr. 13, Bussum, 1966.

Hierdie twee uitgawes van 'n besonder hoogstaande reeks populêr-wetenskaplik opgestelde werkies verdien beslis ons aandag. Eerstens is hulle deur gesaghebbendes saamgestel en tweedens is alle moontlike moeite gedoen om, binne die bestek en die doelstelling, die lesers met die jongste navorsingsresultate van diverse geskiedkundige onderwerpe in kennis te stel.

Dr. van Eeghen het veral ingegaan op die ontwikkelingsgang van die gildestelsel in Nederland en dikwels verwys na Amsterdam. Aanvanklik was daar skuttersgildes, godsdienstige verenigings wat die naam gildes gedra het, en ambagsgilde. Die skakel tussen al hierdie organisasies was die strewe om die godsdiens te onderhou, terwyl

Ekonomiese motiewe oorspronklik van minder belang was. In Nederland het die suiwer godsdienstige gildes tydens die Reformasie verdwyn, die eertydse skuttersgildes het as „schutterijen” bly voortbestaan maar die benaming gilde ingeboet, terwyl die ambagsgildes voortlewe en ekonomies beskou besonder belangrik geword het.

Indien daar van die gedagte uitgegaan word dat die hele bedryfsluwe in die vorm van gildes georganiseer was, blyk dit dat dit nie die geval was nie. Dr. van Eeghen verklaar o.m. dat die groothandel slegs by uitsondering by gildereëlings betrokke was. Dieselfde was die geval met die grootindustrie. Ook het dié beroepe waarvoor die gildeverband wel bestaan het van stad to stad verskil.

’n Besondere groep was die sgn. „beunhazen”, d.w.s. hulle wat as gevolg van gebrek aan geld of kennis nie tot die gildes behoort het nie. In die loop van sy werk bespreek dr. Van Eeghen o.m. die volgende gildes: Die sjirurgys- of heelmestersgilde, die boek- en kunsverkopers-, die boek-, kaart- en plaatdruckers- en boekbindersgilde en die opheffing van die gildes in Nederland, onder die Franse slagspreuk van vryheid, gelykheid en broederskap, tussen die jare 1798 en 1800. Dr. van Eeghen kom tot die gevolgtrekking dat die gildes in verskillende opsigte goeie werk verrig het.

Dr. Klompmaker staan allereers stil by die tydsbepaling van die Goue Eeu van die Nederlandse Republiek, lê nadruk op die feit dat daar meer bloeitydperke in die Nederlandse geskiedenis was (o.m. van die 7e tot die 9e eeu; tydens die tweede helfte van die 15e eeu, tussen 1895 en 1914 na 1945), probeer vervolgens om die tydsbegrensing van die Goue Eeu te bepaal (omstreeks 1550 tot omstreeks 1690) en verklaar dan watter faktore die opbloeit in laasgenoemde tydperk — met 1600, 1635, 1660 en 1680 as hoogtepunte — in die hand gewerk het. ’n Paar van hulle was die voorsprong wat die Nederlande, gedeeltelik as gevolg van hul ligging, op handelsgebied besit het; dan was daar die verplasing van die stapel (opslag) mark van Antwerpen na Amsterdam; en die belangrikheid van die verwerkingsbedrywe in die Nederlandse Republiek wat gebaseer was op invoer van grondstowwe en die uitvoer van vervaardigde artikels. Meer in- as uitvoer het ’n nadelige handelsbalans veroorsaak wat deur ’n lewendige deurvoerhandel in balans gehou is. Geen gebrek aan Nederlandse handelsbedrywighede nie, maar wel die feit dat die aangrensende lande na verloop van tyd meer en meer sonder die Nederlandse uitvoer en vragvaart kon klaarkom, het die Nederlandse Republiek sy tydelike voorsprong laat verloor. Die Britse skeepvaartwette, aldus dr. Klompmaker, het wel die skeepvaart onder Nederlandse vlag (uitvoer van Nederlandse produkte) bemoeilik, maar die finansiële kontakte nie getref nie. Tewens het Brittanje op daardie tydstip oor onvoldoende skepe beskik om met sy afweermaatreëls in alle opsigte die beoogde doel te tref. Dit is slegs ’n paar gedeeltes uit ’n beknopte werkie wat, net soos eersgenoemde, aan studente en ander belangstellendes aanbeveel kan word.

J. Ploeger.

*Gwyn, W. B.*, The meaning of the Separation of Powers: An analysis of the doctrine from its origin to the adoption of the United States' constitution. (Tulane Studies in Political Science, Vol. IX). Pp. 159, Martinus Nijhoff, Den Haag, 1965.

Prof. Gwyn het in hierdie waardevolle studie eerstens daarin geslaag om die betekenis van die idee van die verdeling van staatsgesag te verklaar en tweedens hoe hierdie idee gedurende die 17de en 18de eeue, veral in Brittanje, ontwikkel het. Die werk is van besondere belang vir die student van die moderne staatkunde omdat dit enersyds lig werp op ’n onderwerp waaroor baie gepraat en geskryf word, maar soos die skrywer tereg opmerk nie altyd volkome verstaan word nie. Andersyds vul dit ons kennis oor ’n tydperk aan wat van die grootste belang vir die moderne staatkunde is.

Die teoretiese grondslae waarop die moderne demokratiese staat berus het grootliks in hierdie periode beslag gekry en juis daarom is dit so noodsaaklik om 'n goeie begrip van die politieke beskouinge van dié jare te verkry.

Daar is en was telkens in die verlede neiginge om die hele leer van die verdeling van staatsgesag te verwerp as 'n blote funksionele indeling van owerheidswerksaamhede wat na Aristoteles toe, teruggespoor kan word. Hierdie opvatting word deur prof. Gwyn verwerp wanneer daarop gewys word dat die waarde van die leer juis in die normatiewe aard daarvan opgesluit lê, asook dat dit die staatkundige in staat stel om op die grondslag van die leer 'n nuwe klassifikasie van state te maak. Waar die verhoudings tussen staatsorgane dit wil sê wetgewende, uitvoerende en regsprekende vandag van soveel belang is in die ontleding van die aard en wese van die staat moet die idee van verdeling van gesag noodwendig as maatstaf gebruik word. Besondere aandag word ook aan veral Locke en Montesquieu gegee en die hydrae wat hulle tot die ontwikkeling van die leer gemaak het.

Hierdie werk is bepaald 'n hydrae om die moderne staat beter te begryp en dit voldoen aan 'n langgevoelde behoefte.

C. F. Nieuwoudt

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

- Ayandale, E. A.*, The missionary impact on modern Nigeria, 1841-1914. A political and social analysis. (Ibadan History Series). R4.90, pp. XX/393. Longmans, London, 1966.
- Birch, R. C.*, Britain and Europe, 1871-1959. 20/-, pp. XIII/313. Pergamon Press, Oxford etc., 1966.
- Birmingham, David*: Trade and Conflict in Angola. The Mbundu and their neighbours under the influence of the Portuguese 1483-1790. pp. XVI/178. 35/-, Clarendon Press, Oxford, 1966.
- Flinn, M. W.*: The origins of the Industrial Revolution. pp. X/114, R1.40, Longmans, 1966.
- Green, Martin*, The problem of Boston. Some readings in cultural history. R4.25, pp. 234, Longmans, 1966.
- Hearder, H.*, Europe in the nineteenth century, 1830-1880. A general history of Europe. R4.25, pp. XVI/403. Longmans, London, 1966.
- Hervormde Teologiese Studies. Jaargang 22, afl. 1.
- Huttenback, Robert A.*, The British imperial experience. Pp. XI/225. Harper and Row, New York, 1966.
- Imlah, Ann G.*, Britain and Switzerland, 1845-1960. A study of Anglo-Swiss relations during some critical years for Swiss neutrality. R5.70, pp. XV/208. Longmans, London, 1966.
- Jenkins, F. Gilbert*, Chequers. A history of the prime minister's Buckinghamshire home. Pp. XI/171. Pergamon Press, Oxford etc., 1967.
- Jones, A. H. M.*, The decline of the Ancient World. A general history of Europe. R4.25, pp. VIII/414. Longmans, London, 1966.
- Lively, J. F.*: The Enlightenment. pp. XVI/200, R1.53. Longmans, 1966.
- Lloyd, Alan*: The year of the Conqueror. pp. X/243. 30/-. Longmans, 1966.
- Lusty, Margaret*: The Foundations of Our Society. pp. XV/297. 30/-. Oxford University Press, London, 1966.

- Mazlish, Bruce*, The riddle of History. The great speculators from Vico to Freud. R10.95, pp. VIII/484. Harper and Row, New York, 1966.
- Muller, C. F. J., Van Jaarsveld, F. A. en Van Wyk, Theo* (edited by): A Select Bibliography of South African History. A guide for historical research. pp. XII/215. R3.50. University of South Africa, Pretoria, 1966.
- Nienaber-Luitingh, M.*: In die skaduwee van die Akropolis. Indrukke en verhale uit Athene. pp. 125, R1.65. Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1966.
- Nilant, F. G. E.*, Lagersdrift. Opheffingsdaad van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 90c., pp. 88, N.G. Kerk-Boekhandel, Pretoria, 1966.
- Omer-Cooper, J. D.*: The Zulu aftermath. A nineteenth century revolution in Bantu Africa. pp. XIV/208, R4.25. Longmans, London, 1966.
- Philips, Wendell*, Unknown Oman. R4.45, pp. XIII/319. Longmans, London, 1966.
- Pretoriana*, Nr. 52. Desember 1966. Tydskrif van die Genootskap Oud-Pretoria.
- Rabie, Jan*, Waar jy sterwe. Bolandia 3. R2.50, pp. 285. Human en Rousseau, Kaapstad, 1966.
- Suid-Afrikaanse Argiefstukke*, Belangrike Kaapse dokumente. Deel I. Memoriën en instructiën 1657-1699. Afgeskryf, toegelig en persklaar gemaak deur A. J. Böeseken. Pp. XXIII/263. Staatsdrukker, Kaapstad, 1966.
- Sutherland, Lucy S.* (selected and introduced by): Studies in History. British academic lectures. pp. 322, 12/6. Oxford University Press, London, 1966.
- Van Straten, mev. M. J.*, As die jare klim. Boodskappies vir bejaardes. 28c., pp. 38. N.G. Kerk-Boekhandel, Pretoria, 1966.
- Versveld, Marthinus*: Wat is kontemporêr? Vier opstelle oor ons tyd. pp. 48. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg, 1966.
- Verwoerd, Hendrik French*, Fotobiografie, Pictorial Biography, 1901-1966. R2, pp. 143. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1966.
- Wasserman, Earl R.* (edited by): Aspects of the eighteenth century. pp. 346, 50/-. The John Hopkins Press, Baltimore, Oxford University Press, London, 1965.